View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Crossref



# PREEKTEKS OF PRETEKS

A.J. Smuts

Die leser van hierdie artikel sou met reg kon opmerk: "Wat 'n preekteks is, weet ek, maar wat is 'n preteks?" Hierdie on-Afrikaanse woord vir voorwendsel wil wys op die gevaar dat die teks in die prediking misbruik kan word, sodat dit nie die bron is waaruit die preek groei nie, maar bloot 'n voorwendsel wat origens maar min met die inhoud van die preek te doen het. Dit gryp terug op 'n opmerking van A. van Veldhuizen dat die teks wat deur die prediker gekies word geen "praetextus" mag wees nie en dat ons nie so mag preek dat die preek van teks sou kon verwissel soos 'n trein van lokomotief verwissel nie.[1)]

Dit gaan dus om die prediking en meer spesifiek oor een klein onderafdeling van die preekkunde, nl. die keuse, afbakening en gebruik van die teks in die preek. Hierdie stap in die proses van preekmaak, wat vroeër gewoonlik behandel is onder die opskrif "inventio", is van groter betekenis as wat gewoonlik besef word. As hierdie stap verkeerd gedoen word, het dit implikasies vir alles wat daarop volg.

Soos elkeen wat dit al moes doen uit eie ervaring weet, is preekmaak nie maklike of eenvoudige werk nie. Wanneer 'n predikant vind dat dit vir hom maklik word, sodat hy sonder veel inspanning preke kan produseer , het dit tyd geword dat hy met verontrusting selfondersoek begin doen. Die voorbereiding en lewering van 'n goeie en deurleefde preek verg nie net toegewyde intellektuele inspanning nie, maar is telkens opnuut 'n soort emosionele geboorteproses, waarin die prediker met sy hele wese eksistensieel betrokke is. As dit veel van hom eis, gee dit egter gewoonlik veel meer terug. Terwyl hy ure lank in sy studeerkamer besig is met die studie en skeppende arbeid wat nodig is vir die maak van 'n preek, ontvang hy in die reël veel meer daaruit as diegene wat bloot op Sondag twintig minute lank na die voltooide preek luister.

Die maak en lewering van 'n preek is 'n komplekse gebeure wat in verskillende stappe verloop. Een van die eerste stappe, indien nie die heel eerste nie, is die keuse en afgrensing van die teks waaroor gepreek gaan word. Wanneer die prediker op die kansel sy teks aankondig, is die hoorders gewoonlik nie daarvan bewus dat aan die vasstelling van die preekteks heelwat probleme verbonde mag wees nie. Trimp noem die tekskeuse 'n beslissende moment, wat dikwels ook 'n moeilike en tydrowende onderdeel van die maak van die preek kan wees.[2)] Dikwels is dit ook die punt waarby die prediker vashaak. As hy egter nie 'n teks het nie, kan hy ook nie vorder met die maak van sy preek nie. Dit verg dissipline aan die kant van die prediker om te sorg dat hy te midde van baie ander pligte wat sy aandag en tyd opeis betyds sy teks kies vir die volgende geleentheid wanneer hy moet preek. As hy hierdie belangrike plig nalaat, sal hy keer op keer vind dat die week verbygesnel het en dat hy op Saterdag nog nie weet waaroor hy Sondag moet preek nie.

Die vraag kan egter gestel word waarom dit dan nodig is om 'n teks te hê om te preek. Te midde van 'n wêreld vol mense wat toesprake en praatjies van allerlei aard hou, vorm die prediker in hierdie opsig 'n uitsondering. Hulle kies 'n onderwerp en bou dit dan uit, hulle verdedig 'n saak met argumente wat bedoel om die hoorder te oortuig, maar 'n teks het hulle daarvoor nie nodig nie. As die geskiedenis van die preekkunde nagegaan word, blyk dan ook dat teksprediking, soos ons dit ken, nie altyd as vanselfsprekend aanvaar is nie. Dikwels het daar stemme opgegaan wat geprotesteer het daarteen.

In die Engelse kerklike wêreld was (en is?) die sg. "topical preaching" of temaprediking 'n algemene verskynsel. By die lees van die preke van bekende Engelse predikers, soos D.L. Moody, val dit op dat daar in baie gevalle maar min verband bestaan tussen die teks wat aangekondig word en die preek wat daarop volg. Baie van die preke gaan oor 'n Bybelse onderwerp, soos liefde, genade, die hemel, e.d.m. In 'n bundel van Moody se nagelate preke begin een van die preke met die sinnetjie: "I am going to take, tonight, a subject rather than a text."[3)]

Ook in ander lande word dieselfde klank gehoor. Twee bekende Europese predikers wat hulle teen teksprediking verset het, was Claus Harms en Alexander Vinet. Claus Harms het teksprediking beskryf as 'n soort Babiloniese

ballingskap in tekste waarin die prediking verkeer. Hy het geglo dat dit baie beter sou gaan in die kerk as die predikers nooit met die boeie van die teks gebind was nie. In dieselfde gees het Vinet geskryf dat die prediker sonder teksdwang uit die frisse, diepe bron van die Skrif die waters van die lewe behoort te put. Dit is nie die teks wat die preek Christelik maak nie, maar die gees en lewenservaring van die prediker.[4)]

In minder uitgesproke vorm kom hierdie neiging nog steeds voor, in die vorm van wat in die omgang bekend staan as "kapstokpreke", waarin die prediker 'n teks aankondig en dit dan gebruik om allerlei gedagtes wat van elders gehaal is en origens min met die teks te doen het, aan op te hang. Dijk beskryf hierdie verskynsel soos volg: Die prediker kies 'n onderwerp, bv. na aanleiding van 'n bekende boek of opspraakwekkende rolprent of uit die godsdienstige lewe ("Het God altyd gelyk?" of: "Dwaasheid van die geloof") en soek dan daarby 'n passende Skrifgedeelte, wat hy bloot gebruik om enkele ligstrale daaruit op te vang. Op hierdie wyse meen hy om aan die verlangens van die jongmense te voldoen en die "moderne lewe" te benader.[5)] Sulke preke is ook op ons kansels nie onbekend nie.

In 1939 het 'n aantal Duitse teoloë saamgewerk om 'n preekbundel onder die titel "Warum Textpredigt?" die lig te laat sien. In die voorwoord daarvan verklaar Hermann Diem, die samesteller van die bundel, dat hulle as werkgemeenskap oor een saak eenstemmigheid bereik het, nl. dat die prediking teksprediking behoort te wees. Hulle het hierdie waarheid egter tastend vasgestel, want op universiteit het hulle dit nie geleer nie.[6)]

Soos bekend, was die dertigerjare ook die tyd waarin die dialektiese teologie sy ontstaan gehad het - 'n teologie wat gebore is uit die nood van die prediking. Karl Barth se Woordteologie kan beskou word as 'n teologie wat gegroei het uit die prediking en wat gerig was op die prediking.

Omdat die teologie nooit stilstaan nie en nuwe figure steeds opkom wat in reaksie is teen hul voorgangers, kon verwag word dat ook hierteen stemme sou opgaan. Een van die mees invloedryke teoloë in hierdie verband is H.D. Bastian, wat hom sterk verset teen Barth.[7)] Vanuit sy hermeneutiese beskouing, waarin hy beklemtoon dat die Bybelteks nie direk in ons lewens oorgeplaas kan word nie,

omdat die situasie van die Bybelse boodskap totaal anders is as dié waarin ons ons tans bevind, verset hy hom ook teen die binding van die preek aan 'n teks. H.E. Bahr wil nog verder gaan en meen dat die prediker goedskiks die wêreldnuus as teks vir sy preek kan neem.[8)]

So kan voortgegaan word om teoloë op te noem wat die noodsaaklikheid van 'n teks vir die prediking bevraagteken. In teenstelling hiermee het die Gereformeerde teologie egter nog altyd vasgehou aan die eis dat egte prediking niks anders mag en kan wees nie as teksprediking, waarin die Woord van God verklaar word en toegepas word op die lewens van die hoorders. Waar uitleg en toepassing in die verlede gewoonlik as aparte elemente beskou is wat mekaar opvolg, word in die nuwere geskrifte oor die prediking sterk klem daarop gelê dat die Skrif so verklaar moet word dat reeds die uitleg 'n element van toepassing bevat. Die Skrif moet m.a.w. die hoorder aanspreek in sy aktualiteit.[9)] Reeds Hoekstra het dit baie duidelik gestel: "Een preek is geen toespraak over een godsdienstig onderwerp, geen voordracht over bijbelsche waarheden, maar een toepasselijke verklaring van het Woord Gods, welk Woord alleen geboden wordt in de H. Schrift. Daarom moet een gedeelte van de H. Schrift tot tekst genomen en in verband met het geheel der Schrift voor de gemeente des Heeren ontwikkeld worden. Het subject komt geheel op den achtergrond en de H. Schrift zelf moet in hare majesteit tot de gemeente spreken. De dienaar des Woords is maar een hulpmiddel om de Schrift te doen verstaan."[10)]

Hiermee staan die Gereformeerdes in die lyn van die Reformatore wat hulle in geen onduidelike taal oor die prediking uitgespreek het nie. Groot aansprake word daarvoor gemaak. Luther het gesê dat die regte predikers die mond van Christus is[11)], terwyl die Confessio Helvetica Posterior die klassieke woorde van Bullinger bevat dat die prediking van die Woord van God self die Woord van God is.[12)] In dieselfde gees skryf 'n moderne teoloog, A.J. Rasker: Die prediker spreek in die verwagting dat sy mond Gods mond sal wees, sy woord Gods Woord sal wees en sal sê wat God te sê het, en dat dit daarom sal doen wat God behaag en voorspoedig sal wees in dit waartoe Hy dit uitstuur (Jes. 55:11).[13)]

Dit beteken dat die prediker waag om met groot gesag te spreek wanneer hy preek. Hy durf dit aan om te sê: "So spreek die Here!" In die tydsgewrig waarin ons tans leef, wat gekenmerk word deur 'n diepgrypende gesagskrisis waarin alle gesag onder 'n vraagteken gestel word, is dit egter noodsaaklik dat die prediker volkome helderheid sal hê oor die vraag waaraan hy sy gesag ontleen. Hierop kan slegs een antwoord gegee word: Sy woord het gesag slegs in soverre as wat hy noukeurig naspreek wat in Gods Woord vir hom voorgesê word. Werklik gesagvolle Skrifprediking kan dus eintlik niks anders wees nie as om aan die gemeente te verduidelik wat in die teks staan, en dit op so 'n manier te doen dat dit na aan hul lewens gebring word en hulle in die hart gryp.

Natuurlik is daar meer in sulke prediking as net 'n suiwere weergawe van dit wat in die teks opgesluit is. Daar is ook die geheimnisvolle werking van die Heilige Gees, wat aan die verkondigde Woord sy krag gee en daarvan 'n genademiddel maak. Dit het ook die Reformatore geweet, want naas hul nadruk op die identiteit van die Woord van God en die verkondiging daarvan, het hulle die prediking laat voorafgaan deur die epiklese, waarin gebid word vir die opening van die Woord en die opening van die hart van die hoorder, deur die werking van die Heilige Gees.[14)] So doen ons dit tans ook nog.

By die ingebruikneming van die Afrikaanse kanselbybel in 1954 het prof. E.P. Groenewald 'n inleidingsartikel in "Die Kerkbode" geskryf onder die opskrif "Met die vinger op die teks." Volgens hom behoort die prediker altyd te preek met die vinger op die teks. "Daarmee bedoel ons", skryf hy dan, "dat die prediker die geopende Bybel voor hom moet hê op die kansel, en die teks of Skrifgedeelte wat hy in die preek behandel daadwerklik moet verklaar uit die geopende Bybel self ... Daar behoort goeie Skrifuitleg te wees, en wel van so 'n aard dat die gemeentelid wat met sy geopende Bybel die uiteensetting volg, tot dieptes gelei word waartoe hy self nie die weg kon vind nie."[15)] Of die kanselbybel werklik oop lê voor die prediker is onsins insiens van minder betekenis as die eis dat die prediking onder alle omstandighede Skrifprediking sal wees en dit nie bloot in die algemeen nie, maar uitgaande van 'n bepaalde gedeelte wat as teks gekies word.

Waarskynlik - en hopelik - kon die meeste lesers hulle tot dusver heeltemal vereenselwig met wat omtrent die eis van Skrif- en teksgebondenheid van die prediking gesê is. Wanneer ons egter tot die praktyk kom, begin die gedagtes uiteenloop. Om saam te stem dat 'n preek 'n teks behoort te hê en dat vanuit daardie teks gepreek moet word, beantwoord nog nie die vraag nie: Wat is 'n teks?

Dit is algemeen bekend dat die woord "teks" afgelei is van die Latynse woord "texere" wat weef beteken. Soos 'n kleed wat geweef is in samehangende eenheid, 'n gedagtekompleks waarvan die een deel met die ander saamhang.[16)] Vanselfsprekend sal so 'n teks nie altyd saamval met die versindeling van die Bybel nie. Somtyds sal so 'n gedagte-eenheid gevind word in slegs 'n deel van 'n Bybelvers, terwyl dit in ander gevalle meer as een vers sal omvat.

In die verlede het dit dikwels voorgekom dat predikers 'n baie kort teks gekies het. Dit het sy voordele gehad. So 'n kort, kernagtige teks is maklik om te onthou en die kans dat dit in die geheue van die hoorders sal vassteek is goed. Die nadeel daaraan verbonde is egter dat dit baie maklik aanleiding gee tot mottoprediking, wat met die werklike bedoeling van die teks min te doen het.

Onder invloed van die nuwere eksegetiese metodes, waarin veel klem gelê word op die redevoeringsanalise en die ontleding van die struktuur van die perikoop, het die pendulum tans na die ander kant geswaai, sodat voorkeur gegee word aan langer tekste. In hierdie verband skryf prof. A. König, bv: "In die laaste jare kry ons al meer die neiging by predikante om oor langer gedeeltes te preek. Dit is te verwelkom. Betekenis lê in verbande, en hoe ruimer 'n mens die verband nagaan, hoe beter is die kans om die korrekte betekenis te kry. Natuurlik is daar uitsonderlike gevalle waar 'n mens oor 'n enkele teks (selfs 'n enkele uitdrukking?) kan preek, maar ook dan eers nadat die betekenis uit die breër verband bepaal is. Intussen is die gewoonte egter toe te juig dat 'n hele perikoop, 'n hele hoofstuk - of selfs 'n paar hoofstukke as teks vir 'n preek dien. Na alles was Mt. 24-25 een enkele preek van Jesus. En 'n apostel het 'n brief geskryf om as 'n eenheid aan die gemeente voorgelees te word. 'n Brief soos dié aan die Kolossense kan met baie goeie gevolg in sy geheel in 'n enkele preek behandel word."[17)]

ŉ Dosent in die praktiese teologie, wat voortdurend besig is met die beoordeling van studente se preke, word egter bewus van die skadukant van hierdie gebruik. By alle positiewe en waarderende dinge wat omtrent hierdie nuwere benadering gesê kan word, blyk telkens weer dat sulke preke neig om na een van twee kante uit te val, waarteen beswaar gemaak kan word.

In die eerste plek lei ŉ baie lang preekteks maklik daartoe dat die preek verval in die ou homilie-vorm. Die homilie as preekvorm is baie oud in die kerk. Dit word reeds by Chrysostomos aangetref en ook Calvyn het daarvan gebruik gemaak. Dit bestaan daarin dat die gekose Skrifgedeelte van begin tot einde behandel word, min of meer in die vorm van ŉ parafrase waarby van plek tot plek toepassings op die lewens van die hoorders gemaak word. In sy meer moderne vorm vind ons die homilie terug in wat by ons bekend staan as Bybelstudie. Daar het dit dan ook sy plek. Die voordeel van hierdie metode is dat daardeur aan die hoorder kennis meegedeel word omtrent die behandelde gedeelte, sodat hy dinge verstaan wat vir hom moontlik onduidelik was. Dit word egter oorskadu deur die nadeel dat die homilie gewoonlik ŉ sentrale, saambindende gedagte mis. Die gevolg hiervan is dat die hoorder as gevolg van al die bome uiteindelik nie meer die bos kan sien nie. Meer as een preek wat op hierdie wyse tot stand gekom het, laat dink aan die spreekwoordelike man wat op sy perd gespring en in alle rigtings tegelyk weggejaag het - as ŉ mens jou so-iets kan voorstel. Studente wat ŉ preek oor ŉ voorgeskrewe Skrifgedeelte moet maak, verstaan dikwels die opdrag so dat hulle preek oor die hele perikoop moet handel, met die gevolg dat hulle probeer om aan elke gedagte daarin reg te laat geskied. Gewoonlik blyk dit dan dat die preek meer geslaagd sou gewees het en ŉ hegter struktuur sou gehad het as die preekteks suiwerder en bondiger afgebaken was. ŉ Korter preekteks bied aan die prediker die geleentheid om in die tyd tot sy beskikking reg te laat geskied aan die inhoud daarvan, met die volle rykdom wat hy deur middel van sy eksegese ontgin het, en terselfdertyd een sentrale gedagte te beklemtoon, waarmee die hoorders huis toe kan gaan.

ŉ Tweede, gevaarliker, neiging is dat die prediker willekeurig selektief te werk sal gaan. In sulke gevalle neem hy dan ŉ lang preekteks - ŉ hele perikoop of hoofstuk of selfs meer - en kies daaruit sekere gedagtes wat hom opval, terwyl hy ander, wat hom nie aanspreek nie of wat nie inpas in sy skema nie, eenvoudig weglaat. Dit is duidelik dat op hierdie wyse nie die volle raad van God verkondig word nie, maar dat sulke preke voorkom, is ongelukkig waar. Preke van hierdie aard roep die beeld voor die gees van iemand wat ŉ klippie

oor 'n dam water gooi, sodat dit in groot spronge net hier en daar die water raak. Dit behoort duidelik te wees dat 'n predikant wat die gewoonte aankweek om op hierdie wyse te preek, homself mag oortuig dat hy besig is met Skrifprediking, maar dat hy baie maklik in oppervlakkigheid kan verval.

'n Verskynsel wat soms voorkom, is dat 'n preek oor 'n perikoop gemaak word, maar dat dan 'n enkele vers uit die perikoop as teks aangegee word. Hieruit blyk 'n misverstand oor wat 'n teks is en wat die funksie daarvan is. Daar moet 'n onderskeid gemaak word tussen twee sake: Aan die een kant die behandeling van 'n teks binne sy konteks en met verwysing na die agtergrond daarvan en aan die ander kant die gebruik van 'n teks as 'n soort trefwoord of opskrif, terwyl in werklikheid oor die perikoop gepreek word. Terwyl die eerste legitiem is, moet die tweede afgewys word. Een van die grondreëls van preekmaak lui: Bly binne jou teks. Indien dit dan sou blyk dat die gedeelte waaroor gepreek word meer as een vers omvat, kan rustig gesê word dat die hele perikoop die teks vir die preek is.

Die vraag kan verder gestel word of elke vers in die Bybel as preekteks kan dien. Die geskiedenis van die prediking bevat staaltjies van vreemde tekskeuses. Skrywers oor die prediking is dit eens dat nie elke vers as teks vir 'n preek bruikbaar is nie. In hierdie verband sê Trimp: "De Bijbel is niet een verzameling orakels, zodat ieder vers van de Bijbel is opgeladen met hemelse geheimen. Daarom kan men niet over ieder vers uit de Bijbel preken."[18)]
'n Teks is 'n samehangende geheel, waarin 'n boodskap oorgebring word, 'n verhaal vertel word, die wil van God bekend gemaak word. Dit beteken egter nie dat daar sekere gedeeltes van die Bybel is waaroor nie gepreek kan word nie. Noukeurige eksegese bring dikwels aan die lig dat in die skynbaar mees onbelowende Skrifgedeeltes (bv. die geslagsregisters) veel meer opgesluit is as wat by die eerste lesing daarvan vermoed is. Waarop dit egter wel neerkom, is dat die afgrensing van die teks in sulke gevalle besonder belangrik is.

Die verdere vraag of dit aan te beveel is om twee of drie gedeeltes uit dieselfde hoofstuk, Bybelboek of slegs uit verskillende Bybelboeke met mekaar te verbind as teks vir 'n preek, moet oor die algemeen ontkennend beantwoord word. Wanneer dit gedoen word, word 'n woord maklik uit sy verband losgeruk en is dit moeilik om aan elke teks eksegeties reg te laat geskied. Die gevaar van 'n mooi maar kunsmatige sintese is dan wesenlik. Die voorbeeld van Matt. 27:5 ("En Judas ... het homself gaan ophang.") en Luk. 10:37 ("Gaan en doen jy net so.") is 'n karikatuur hiervan. Dit kan natuurlik nie absoluut afgewys word nie, want in die geval van kategismusprediking is dit

die weg wat wel gevolg word, waar 'n geloofswaarheid aan die hand van verskillende tekste verduidelik word.

Om saam te vat: Om werklik met gesag te kan sê: "So spreek die Here!" moet die prediker werk vanuit die bewussyn dat hy die funksie van 'n tolk het, wie se enigste taak is om dit wat hy in die Bybel gehoor het suiwer oor te klank, sodat sy hoorders die Woord van God in sy volle relevansie en aktualiteit kan verstaan en kan kom in die aangryping daarvan. Om hierdie taak te kan vervul, kan hy nie telkens die Bybel in sy geheel neem nie, maar moet hy 'n teks kies en hom daarby bepaal. Met sy preek moet hy binne die grense van sy teks beweeg sonder om hom op ongeoorloofde ekspedisies in die omringende landskap of in ander sake wat met die teks min of niks te doen het, te begeef. Hy sal trouens vind dat hy dit nie nodig het nie, want die Skrif is so ryk dat die teks self genoeg stof bevat. In die behandeling van die teks mag geen belangrike dele daarvan opsygestoot word nie. Om so te kan preek, is dit egter noodsaaklik dat die preekteks korrek afgegrens word. Aan die een kant mag dit nie so kort en bondig wees dat dit slegs 'n slagspreuk word en die prediker verplig word om allerlei stof van elders by te bring om sy preek vol te kry nie. Aan die ander kant moet hy egter ook nie die grense van sy teks so wyd trek dat hy nie binne die bestek van die preek die teks ten volle kan verken nie, met die gevolg dat hy daaruit enkele los gedagtes oppik, wat hy dan rangskik en as preek aanbied.

Miskien sou dit aanbeveling verdien om by alle vereistes wat aan studente gestel word voordat hulle gelegitimeer word, nog een by te voeg. Voordat so 'n persoon tot die kanselbediening toegelaat word, sou van hom verwag kon word om die volgende te onderskryf: "Ek beloof plegtig om altyd en onder alle omstandighede gedurende my bediening my teks te preek, my volle teks te preek en niks anders as my teks te preek nie."

<u>NOTAS</u>

1. A. van Veldhuizen, <u>Hoe maakt men zijn preek</u>, aangehaal deur K. Dijk, <u>De dienst der prediking</u>, Kampen 1955, 156.
2. C. Trimp, <u>De preek</u>, Kampen ²1980, 4.
3. <u>D.L. Moody</u>, Serie: <u>Great pulpit masters</u>, vol. 1, New York 1949, 61.
4. T. Hoekstra, <u>Gereformeerde homiletiek</u>, Wageningen, s.j. (1926), 223; K. Dijk, <u>t.a.p.</u>; R. Bohren, <u>Predigtlehre</u>, München ³1974, 115.
5. K. Dijk, <u>t.a.p.</u>
6. H. Diem, <u>Warum Textpredigt?</u> München 1939, 3.
7. Onder die kritiese praktiese teoloë van die hedendaagse Duitse teologie het Bastian na vore getree as kritikus van die teologie van Karl Barth. In

sy belangrike artikel "Vom Wort zu den Wörtern," Evangelische Theologie, vol. 28, no. 1(1968), 25-55, stel hy hom uitdruklik teenoor Barth se dogmatiese benadering van die praktiese teologie op 'n empiriese standpunt. Hierdie siening het hy uitgebou in sy geskrifte Verfremdung und Verkündigung, Theologie der Frage en Kommunikation. Vir ons is hy veral van betekenis as gevolg van sy invloed op die Nederlandse teoloog J. Firet. C. Trimp toon uitvoerig aan hoe Firet hoe langer hoe meer onder die invloed van Bastian se siening gekom het. Vgl. C. Trimp, Communicatie en ambtelijke dienst, Groningen 1956, 34v.

8. H.E. Bahr, Verkündigung als Information, Hamburg 1968, 116 e.v. By C. Trimp, Communicatie en amtelijke dienst, 33.
9. Vgl. S. Greidanus, Sola Scriptura, Toronto 1970, 230, wat wil praat van "the applicatory explication of God's Word." H. Jonker stel dit soos volg: "De toepassing is niet een stuk aansprekende prediking, dat volgt op de uitleg, maar de gehele prediking vanaf het begin is toepassing op de gemeente, zo, dat de uitleg erin is opgenomen." H. Jonker, Actuele prediking, Nijkerk s.j., 138.
10. T. Hoekstra, a.w., 226.
11. M. Luther, W.A. 8,683. Die volledige aanhaling kom voor by K. Barth, K.D. 1/1,98. Vgl. ook J.J. Stam, Rondom de preek, Amsterdam 1946, 95.
12. Die veelaangehaalde woorde van Bullinger uit die Confessio Helvetica posterior lui soos volg: "Proinde cum hodie hoc Dei verbum per predicatores legitime vocatos annunciatur in ecclesia, credimus ipsum Dei verbum annunciari, et a fidelibus recipi, neque aliud Dei verbum vel fingendum vel coelitus expectandum esse." (Wanneer derhalwe vandag hierdie Woord van God deur wettig geroepe predikers in die kerk verkondig word, dan glo ons dat Gods Woord self verkondig en deur die gelowiges ontvang word, en dat daar geen ander godswoord uitgedink of uit die hemel verwag mag word nie).
13. A.J. Rasker, "Homiletische richtlijnen 1", in: Postille 11 's-Gravenhage 1959, 9.
14. N. Hasselmann, Predigthilfen und Predigtvorbereitung, Gütersloh 1977, 220, 221.
15. E.P. Groenewald, "Met die vinger op die teks", Die Kerkbode, Deel 74, (21 Julie 1954), 38.

16. T. Hoekstra, a.w., 223.
17. A. König,"Nog eens oor die betekenis van gelykenisse", N.G.T.T., Deel 21, no. 4 (September 1980), 311.
18. C. Trimp, De preek, 5.